



San Cha Len

24-25 November 2017



En so breek ons laaste kamp van die jaar 2017 aan, San Cha Len! Wat 'n heerlike naweek. Die oord is boomryk met genoeg koelte en gras vir almal. Nog voor jy by die hek indraai, is daar bokke wat in die gras wei. Dit skep 'n atmosfeer van rustigheid.

Soos gewoonlik het die seniors al vroeër in die week begin kamp en lekker gekuier. Die "werkende klas" het Vrydag so stuk stuk opgedaag en almal was betyds vir die Boekevat en buurman braaie. Dit was 'n baie mooi opkoms met 23 waens wat kom kamp het.



Die weer het Saterdag gedraai en die koue was 'n nuwe vir November maand, maar die reën was werklik welkom. Die dag was rustig omgekuier terwyl die oord vir die jaareind funksie gesorg het - was dit nou nie lekker om net te gaan aansit by klaar gedekte tafels nie?

Baie dankie Pieter en Elmarie vir die versiering van die tafels.

En die Stomp van die Jaar is oorhandig aan..... Willem De Jongh, want hy wou mos tussen die Dinokeng lees gaan fietsry!





Hannes en Sonja de Lange word deur Tjaart verwelkom as nuwe Rietvallei lede.



Pieter en Hans oorhandig Ann se Erelidmaatskap wat sy pas ontvang het, baie geluk Ann.



Danksy 'n skenking is heelwat Rietvallei hemde deur Oom Neels opgeveil en die "wins" was vir ons kas!



Erna (links) en Hans (regs) oorhandig 'n sertifikaat vir beste nuusbrieff vordering soos deur die Kongres toegeken, baie geluk Magdaleen.



Pieter (links) oorhandig die naweek se kampkommodante plaatjies aan Elmarie en Pieter, Margriet en Tjaart.



Sondag oggend is daar na 'n CD geluister as Erediens waarna bestuur almal genooi het na 'n waatlemoen en spanspek ontbyt om nog 'n suksesvolle kampjaar mee af te sluit.

So kom alle goeie dinge tot 'n einde toe almal begin oppak en een na die ander vertrek. Dankie aan al die Rietvalleiers. Die naweek was weereens 'n groot sukses. Tot die volgende kamp te Tamboti in 2018....



Geseënde Kersfees en 'n voorspoedige nuwe kampjaar.

Tjaart Klaasen

Foto's: Marietjie Klaasen